

LOELOERAAI

LOELOERAAI

C.J. LANGENHOVEN



LOELOERAAI

Kopiereg © 2009 CruGuru

ISBN: 978-1-920414-03-0

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe 1923

Hierdie uitgawe uitgegee deur CruGuru in 2009

www.cruguru.com

VADER TYD:

En ek het tot hiertoe nog maar
een weg gesien waardeur nasies en mensies
hulle geluk gevind het, en dit was die weg
waarop hulle hom self uitgewerk het.

“Die Vrou van Suid-Afrika”

TOEWYDING

Aan wie sal ek hierdie boek opdra? Hy handel oor 'n wese wat nie 'n mens is nie, wat hoër as 'n mens staan — 'n onbereikbare meerdere.

Ek dink ek sal na die teenoorgestelde uiterste gaan — en dan sal ek nie ver hoef te soek nie. Ek het lange jare gelede 'n vriend verloor — 'n vriend wat ek liefhad en wat my liefhad. Ek sal hom seker nooit weer sien in der ewigheid nie; maar in der ewigheid sal ek hom nooit vergeet nie. Nou nog, ná al die jare, gaan daar nie 'n dag om nie of sy beeld kom voor my en ek treur oor hom. Vir hom was ek die meerdere — 'n Loeloeraai van 'n hoër bestaan. Vir my was by die uiterste volmaaktheid wat ek op die aarde aangetref het, van liefde en trou en deug. En ek het hom verloor, en ek verlang, verlang, verlang...

Aan sy nagedagtenis dan dra ek hierdie werkie op:

AAN DIE NAGEDAGTENIS VAN
MY VRIEND EN HOND
JAKHALS

VOORWOORD

Ver deur die wilde woesteny het die teergevoelige engel gekom. Hy was diep bedroef oor die moorddadigheid en die rooflug en selfsug en roekelose wreedheid wat daar heers. En sy hart was baie seer van medelye. Want in die wilde bosse en tussen die ongediertes het hy 'n man en 'n vrou gekry, verstote, hulpeloos, ellendig.

Eindelik sien hy van 'n hoogte af 'n lushof waar daar vrede was en oorvloed en geluk. En hy haas hom daarheen om te ondersoek of hy nie die arme ongelukkige mensepaar kon gaan haal en daar inbring nie. Hy kom by 'n ondeurdringbare doringomheining. Hy loop daarlangs tot hy 'n ingang kry aan die ooste.

Die poort was oop, maar weerskante staan 'n skildwag, kalm, gevoelloos, onverbiddelik. En tussen hulle, soos 'n kolossale omgekeerde pendule, swaai 'n swaard heen en weer van die een pilaar tot die ander. En met sy swaai flikker hy soos vlamme bliksems.

“Daarbuite in die wildernis is twee ongelukkiges,” se die engel aan die poortwaarders. “Kan ek hulle gaan haal en hier inbring?”

“Hulle was hier,” was die antwoord. “Hulle het nie gedeug nie. 'n Tweede proef is oorbodig. Hulle moet wag tot hulle genoeg wysheid en vernuf geleer het om hierdie swaard opsy te druk. Dan sal ons hulle weer laat ingaan. En dan sal hulle daarbinne deug.”

C. J. LANGENHOVEN

Cornelis Jacob Langenhoven (13 Augustus 1873 – 15 Julie 1932) was ’n Suid-Afrikaanse skrywer, koerantredakteur en politikus wat ’n ontsaglike groot rol in die Afrikaanse literatuur en kultuurgeskiedenis gespeel het. Hy het onder die name C.J. Langenhoven en Sagmoedige Neelsie geskryf.

Langenhoven is in Hoeko, Ladismith gebore en later verhuis hy na Oudtshoorn waar hy naderhand die dorp se mees bekende inwoner word. In die jaar 1893 begin hy in Stellenbosch in die regte studeer en later bekwaam hy hom as advokaat.

Mettertyd verander hy van beroep en gaan oor tot die joernalistiek. Hy word die redakteur van die koerant *Het Zuid-Westen* in 1912 en hy bestee verder baie tyd daaraan om die nuwe taal, Afrikaans, te bevorder. Hy is ook ’n stigterslid van die nuwe Afrikaanse koerant *Die Burger* en hy lewer gereeld bydraes onder die skuilnaam Sagmoedige Neelsie.

Later tree hy toe tot die politiek en word hy lid van die Parlement van Suid-Afrika in 1914. Hier spits hy hom toe daarop om Afrikaans as amptelike taal erken te kry. Hierna word hy agtereenvolgens lid van die Kaapse Provinsiale Raad, die Volksraad en die Senaat.

Langenhoven is mees bekend vir die oorspronlike Volkslied van Suid-Afrika, *Die Stem van Suid-Afrika*, wat hy in 1918 geskryf het. Vandag vorm ’n passasie uit *Die Stem van Suid-Afrika* ’n deel van die huidige Volkslied van Suid-Afrika.

Langenhoven se skryfkuns het baie verskillende genres aangeraak, van poësie tot spookverhale. Hy het verder ook verskeie werke in Afrikaans vertaal. As skrywer word hy die beste onthou vir sy humoristiese en satiristiese werke en hy was verder welbekend vir sy skerp sin en sagte maniere.

OMTRENT HIERDIE UITGAWE VAN LOELOERAAI

In hierdie uitgawe van Loeloeraai is alles wat in die oorspronlike uitgawe voorkom so ver moontlik onveranderd gelaat. Selfs die taal- en stylvorms wat nie meer in moderne Afrikaans gebruik word nie, is nie verander nie, want om daaraan te torring sou Langenhoven se unieke skryfstyl ongedaan maak, en dit sou ook 'n groot oneer aan sy nalatenskap besorg. Klein gedeeltes wat vandag nie meer as “polities korrek” beskou mag word nie, is ook nie verander of weggeskryf nie, want dit moet slegs gesien word in die lig van die sosiale- en politieke gewoontes en -gebruike van die tydperk waarin dit geskryf is.

'n Minimale gedeelte van hierdie boek moes egter aangepas word om nie aanstoot te gee nie.

Die Uitgewers

2009

INHOUD

1. TWEE BESOEKERS	1
2. TWEE LEERLINGE.....	7
3. SWARE VERANTWOORDELIKHEID	15
4. AFSpraak VIR 'N TREMREIS	20
5. BELEMMERINGS	27
6. 'N HOË BOD	33
7. 'N SMEEKSTEM OM HULP.....	40
8. TWEE VEROWERINGS NODIG.....	47
9. AFSKEIDSTOESPRAKE.....	55
10. TAKHAAR-OPLEIDING	65
11. DIE AARDE VAN UIT DIE HEMEL.....	70
12. DIE AFGRONDE IN	77
13. AFGESONDERDE LEWE.....	82
14. VAARWEL	91

1. TWEE BESOEKERS

ONS twee oues, ek en Vroutjie — nou ja, ons een oue dan — het onder Herrie se eikeboom gesit en mekaar se handjies vasgehou. En wanneer ek dit sê dan bedoel ek natuurlik ek het háár hand vasgehou. Tussen ons twee is dit altyd ek wat die verleë aangetroude familie is.

Ons voordeur gaan sonop se kant toe oop. So behoort 'n mens ook jou huis te bou, en as hy anders gebou is, is dit raadsaam om hom te vat en om te draai. Want as jou oggend sonder sonneskyn begin, is jou hele dag droewig en beneweld. Buitendien dan verslaap jy jou. My kamer is so vroeg warm dat ek nie 'n wekker nodig het nie. Die vlieë maak my wakker. Ek moet nog eendag 'n leersame en lesenswaardige opstel oor die vlieg skryf. Nie hier nie — ek is vereers met iets anders besig.

Agter ons huis, maar weg van die agterdeur af, skuins eenkant toe, staan die groot eikeboom waar ons olifant Herrie in die eerste dae van sy diens aan twee bokwakettings vasgestaan het; en onder die boom het ek 'n lekker gemaklike en netjiese rusbank gemaak vir my en Vroutjie om in die aande op te gaan sit en mekaar se handjie vas te hou en die sonsondergang te bewonder. Die aande, meen ek, wanneer Vroutjie in 'n digterlike en liefderyke bui is. (Ek is altyd in albei.) Want soos dit twee mense kos om te twis, al bly een ook stil, so kos dit twee mense om te vry, al bly

een ook koel. Soos ek gese het, die eikeboom het bietjie weggestaan en Vroutjie wou koelte hê op die agterdeur teen die bloedige namiddagson. Toe het sy vir haar daar 'n peperboom geplant — een van die bome wat jy nie vir die verre nageslag hoef te plant nie. En hierdie een was gou, bo en onder. So gou dat sy wortels die derde jaar die huis begin op te lig het. Voordat die opdraand binnekant te steil geword het, het ons dan die boom afgekap. Vroutjie het gekap en ek het bygestaan en by elke hou gese Hê! (Ons het ons werk so verdeel dat sy die buitewerk doen en ek die huiswerk — behalwe wat nou eintlik vroulike huiswerk is.) Maar toe die boom af was, was ons opgeskeep met 'n klomp allementige lange wingerdranke. 'n Paar jaar vantevore het ek stokkies gekry om vir my 'n wingerd te plant — want wat maak 'n mens sonder 'n wingerd? — en hulle ingelê. Planttyd was ek hier doende en daar doende en so het die stokke maar in die peperboom opgerank. Toe hy nou onder hulle uitgekap was, het ek 'n netjiese somerhuis van pale en sparre daar opgesit en sommer die ranke deurgevleg. Toe die somerhuis klaar getimmer was, was hy meteens klaar toegegroei ook. Vroutjie had haar koelte en ek sou my druiwe hê — meer as wat ek uit twee wingerde kon gekry het. Ek moet hier byvoeg, ter wille van volledigheid, dat die skema uiteindelik misluk het. (’n Mens moet ook nie ’n onderneming ’n “skema” noem nie, dan misluk by vanself. Al is dit ook ’n besproeiingswerk.) Toe die eerste jaar se druiwe volgeswel was en hier en daar ’n trossie bont word — maar ek verseker jou dit was alte pragtig om te sien! — toe sak die somerhuis van die gewig van die druiwe inmekaar. My werk was deeglik genoeg gewees; die pale en sparre was te swak.

Maar die aand waar ek nou van praat, was nog vroeg in Desember toe die somerhuis op sy beste van sy dae was. Dit was sterk skemer. Herrie, die olifant, nes 'n yslike hansvark, altyd ongeërg en onverstoord, kalm en bedaard, maar altyd lomp woelig, was besig om rond te snuffel. Hier keer hy 'n kookpot om wat van die skuur nog daar bly staan het, om te sien of daar nie kos onder tussen die pote oorgebly het nie, terwyl die binnekant dan leeg

was. Daar trek hy 'n potplant uit voordat hy proe dat dit nie eetbaar is nie. As ek weer sien, het hy 'n wingerdrank beet en hy ruk byna my somerhuis om; dan moet ek hom met 'n klip verwilder. Jakhals lê by my en Vroutjie op die bank — hy is mos één van ons twee — aan die slaap, met sy kop op ounooi se skoot. Engela is vlytig in die huis besig, vermoedelik met haar persoon.

Hier en daar begin van die ander sterretjies een vir een opgesteek te word. Maar vlak voor ons, nie van die dag nie en nie van die nag nie, tussen die westerglorie van die hemelkleure wat deur die ondergegane son 'n wyltjie agtergelaat is, en soos 'n vlammetjie op 'n bed van gloeiende kole, skyn die aandster goudblink met 'n vaste, troue glans wat straal sonder om te vonkel. Teen die berge in die verte wat ons gesigskring beperk en waar hy later ook sal ondergaan agter die son aan, en op die laer heuwels duskant hulle, en oor die ghwarrievlakte aan hulle voet, en die landerye van ons plasie, sak die duisternis dikker en dikker toe en die omtrekke van boom en bos en muur en laning raak verlore. Van alle kante begin die stemme van die nag na ons toe aan te ruis. Nou en dan lig Jakhals die punt van sy los oor op en frons sy voorkop en kry amper een oog oop; een slag (dit was 'n kat) tel hy sy kop op. Maar hy gee 'n sug en by slaap maar weer. Op ounooi se skoot is saligheid.

“Ek wonder, Vroutjie,” se ek, hardop mymerend, “of daar mense op Venus woon.”

“Venus?” vra sy, ingedagte.

“Ja, Vroutjie. Op daardie heerlike aandster. Hy moet 'n bekoorlike wereld wees. Hy's so te sê net so groot soos die aarde, en byna 'n derde nader aan die son.”

“Dis hier al warm genoeg,” se Vroutjie ondigterlik.

“Ja, Vroutjie, maar Venus het sy beskerming. Hy is met ewigdurende dikke wolke bedek. Daarom kan die sterrekykers nie uitmaak of daar aanduidings van die werke van inwoners is, soos kanale en stede nie.”

“Waaroor maak jy jou tog oor sulke dinge moeg, Ouman? Is daar nie na jou sin genoeg mense hier op die aarde nie?”

“Genoeg nie, Vroutjie? Hier is te veel. Oorvloediglik en oorboediglik oorgenoeg.”

“Nou ja?”

“Nou ja. Te veel en te naby. As ek wis dat daar op die ander wêreld mense woon, sou ek hulle baie liefhê. Hulle versondig my nie. Daarom sê die gebod dat ’n mens jou naaste moet liefhê. Vir die wat op ’n afstand is, was daar geen gebod nodig nie... Buiten wat ’n mens se vrou en kinders betref,” val dit my betyds by om by te voeg.

“Ouman, ons kan die aandster môre-aand weer sien en ons met bepeinsings oor sy bewoonbaarheid besighou. Kyk vereers daardie snaakse vliegtuig regoor ons kop.”

Ek en Vroutjie was eenmaal in ’n vliegtuig op. Van skone weelderigheid en net om te kon sê ons het gevlieg. Van daardie tyd af stel sy ’n persoonlike belang in die goed, asof almal hare was, maar hier onder van die harde grond af. Maar dit was ’n snaakse een hierdie slag. Langwerpig-rond nes ’n reusagtige eier, geelblinkend teen die laaste skynsel van die aandrood. Maar geen vlerk of stuurkajuit daaraan nie, en geen mandjie onder nie. Anders sou ek gedink het dit was ’n lugballon.

“Engela, Engela!” roep Vroutjie. “Kom kyk wat kom hier aan.”

“Ek kan nie nou uitkom nie, Mamma,” hoor ek uit die binnekamer. ’n Half-ongeduldige, half-belemmerde stem. Haarnaalde, dog ek. (Eksel self sou my nie met daardie soort nimmerstakende moeilikheid vrywillig teen my sin belas nie. Maar ’n meisiesmens is nou eenmaal bestem om ’n vroumens te word.)

Ondertussen kom die lugding al dalende nader.

“Wragtig, Vroutjie, hy is van plan om op my somerhuis te kom sit.” En ek vlie weg somerhuis toe en ek swaai my arms en ek skree. Jakhals hardloop saam, blaf-blaf, meeste op sy agterpote, om die vyand halfpad te kan ontmoet. Herrie kom ook nader, slurp orient. Ek sou gedink het ons moet ’n skrikwekkende verto-

ning gemaak het. Maar ek kon nie merk dat die vliegman — as daar een in die dop was — hom aan ons steur nie. Ek wis ook nie hoe hy ons kon sien nie, want daar wys geen die minste venster of opening aan die onderkant van die ding nie. Hy sak stadig tot hy 'n twaalf voet van die grond af is, maar net soos ek my klaar maak om my meesterstuk te sien verongeluk, gee die ding 'n swaai; en stil en sag soos 'n veerdons kom hy op die gelyk grond vlak voor my tot rus.

Toe kom Vroutjie ook by en Engela kom by die agterdeur uitgevlieë. Sy kan haastig klaar maak wanneer sy nuuskierig is. Jakhals beruik die onbekende voorwerp rondom maar sonder blykbare bevrediging. Herrie kyk vir my met 'n hoopvolle blik aan, maar ek gee hom nog nie aanmoediging nie.

“Nee, Herrie,” sê ek, “wag eers. Altemit sal ek jou 'n bietjie naderhandter nodig kry.”

Ek loop die bol om en om en ek trek vuurhoutjies, maar daar is nie die minste opening te sien nie, nie soveel as 'n naat of 'n voeg nie. Dis blykbaar één vaste stuk metaal; omtrent twintig voet hoog en twaalf of vyftien voet in die wydte; glad-blink soos 'n spieël en geel soos goud.

“En toe, Ouman,” sê Vroutjie. “Wees nou slim.”

“Jy weet, Vroutjie, waar jy by is, is ek altyd slim genoeg om stil te bly.”

“Ja,” sê sy; “altyd slim genoeg waar dit onnodig is. Dit lyk vir my dis van jou mense van Venus wat nie langer op 'n afstand wil bly vir jou liefde nie.”

“How perfectly lovely!” gushes Engela.

“Dogtermens,” sê ek, “hoeveel maal het ek jou gebied om jou Engels te hou vir jou Engelse jongkêrels?”

“Pappa, ek het g'n Engelse jongkêrels nie.” En sy skud wat haar boskasie sou gewees het as haar ouderdom nie die haarnaalde ingehaal het nie.

“Maar dan het hulle darem 'n Engelse nooi,” sê ek.

“Stil, Kerneels,” order Vroutjie. “En toe?”

“En toe niks, Vroumens. Jy hou aan jou malle verstand af ‘en toe, en toe, en toe,’ asof ek nodig het om rekenskap te gee van hierdie vervlakste geelbras gedoente wat ek nie hierheen genooi het nie. Kiewiet!” skree ek, want ek was vererg, “bring vir my die voorhamer hier en sorg dat ek hom het voor ek weer moet praat. En hardloop jy, dogter, gaan haal my mauser in my kamer en maak gou en pasop hy's gelaai.”

“Ouman,” sê Vroutjie, en sy vat my liefies aan die arm. (As een van ons twee kwaad word, praat die ander altyd mooi. Nou en dan, by uitsondering, is sy die ander. Gewoonlik is sy die een.) “Ouman, moenie onverskillig word nie. Dalk is die ding vol dinamiet. Dit kan maklik nog ’n vernieltuig wees wat uit die laaste oorlog oorgebly het. Wie weet, altemit het daar iets met die masjinerie verkeerd gegaan sodat die ding nog altyd bo in die lug om die aarde rondgetrek het en nou eers afgeloop het... Kom, Ouman, kom ons gaan maar eers eet. Ons kan op die oomblik niks verder uitvoer nie.”

“My skepsels, Vroutjie, nou jy van eet praat — ek het so skoon vergeet om jou te se ek verwag oom Stoffel Gieljam vanaand. Ou Lewies Langlys het ’n boodskap van oom Stoffel gebring en dit eers vanmiddag laat afgegee.”

“Het jy oom Stoffel se laaste rente betaal?” vra Vroutjie.

“Laaste rente? Gmf. Die ou sukkel nog altyd oor die eerste.”

En met my praat kom daar ’n kar om die huis en by hou op die agterwerf stil.

2. TWEE LEERLINGE

MET die stilhou van die kar hoor ek ou Stoffel se stem.

“Kerneels, roep weg hierdie lowwes van ’n slurpvark van jou. Hy maak my vosperde senuweeagtig.”

“Herrie,” skree ek, “gee pad daar by die oubaas se kar. Hy het nie kos saam gebring nie. Naand, oom Stoffel.”

“Naand, Neels. Ek het jou laat weet ek kom. Jy ’t seker die geldjies reg, nè?”

“Wag, Oom; ons sal daaroor gesels. Ek het ’n baie wonderlike ding hier om vir Oom te wys... Kiewiet, sit maar vereers die voorhamer daar langes die agterdeur neer, en span uit die oubaas se perde en besorg hulle.”

Toe kom Vroutjie nader.

“Naand, oom Stoffel.”

“Naand, Lenie. Alla wêreld, niggie, jy word by die dag jonger en mooier, sou ek gesê het as dit nie te donker was om te sien nie. Maar wat, ek weet sommer sonder om te sien. Groetnis van Soetlief.”

“Dankie, Oom. Is sy fris? En Maakrit?”

“Grietjie is op Stellenbosch. Sy's fris. Fris en duur. Soetlief is nog maar altyd aan't oefen. Maar sy vorder. By die skoene is sy al ’n nommer onder en by die lyfgoed twee. Probeer glo om my goedkoper uit te kom met vermindering van stoffasie. Maar dit lyk my

hoe minder hoe duurder. Daarom is ek besig om geldjies in te vorder. Ek is mos ook op my ou dag 'n dorpse man. Dit lyk my ek sal nog moet leer steel ook om by te hou.”

Engela kom by die agterdeur uit met die mauser en 'n lantern.

“Naand, oom Stoffel,” sê sy en sy draai die lantern so dat die lig in die ou se gesig val terwyl sy self in die donker bly.

“Naand, Engela. Waarom soen jy my nie? Of is jy al te groot? Of is jy bang die kleur sal afgee?”

“Ek smeer maar olie aan my kin, Oom, om te sien of daar nie wil 'n bokbaardjie opkom nie. Ons kry mos vroue-stemreg. En ek wil aan die ou kant staan waar Oom is. Maakrit met haar nuwe Stellenbosse modes sal seker met Pappa saamgaan.”

“Engela,” se die ou, “moenie te ver agteruitgaan nie, my kind. Jy kom naderhand by Eva se vyeblare uit. En by die slang. As jy klaar het met toor in my oë, draai tog die lig na jou kant toe óm dat ek kan sien watter soort ontdeksel 'n mens nog hier op Oudts-hoorn op skuld kry.”

“Dit lyk of dit meer bekommernis kos om skuldeiser te wees as skuldenaar, nè oom Stoffel?”

“'n Vroumens is darem fyn, Engela. Ek het gedog jy ken maar net jou pa. Nou sien ek jy ken my ook. Waarvoor het jy dan nog 'n lantern nodig? En wat help dit om vir my met 'n geweer te ontvang? Het jou pa patrone genoeg vir al sy krediteure?”

“Oom Stoffel dink net aan die geld en jy verwaarloos jou onsterflike siel.”

“Ek sien, my kind. Jy wil jou pa die geld laat behou en vir my die siel, nè?”

Ek en Vroutjie bars van die lag uit. Ou Stoffel is die enigste mens in die wye wereld wat vir Engela nou en dan kan doodsit.

“Oom Stoffel,” sê ek, “jy en Engela kan julle interessante gesprek vanaand vervat. As daar nie jongkêrels kom nie. Kom kyk nou eers wat het hier uit die lug op ons afgekom.”

Ons loop nader. Ou Stoffel vat die lantern by Engela en belig en bekyk die sfeer rondom.

“Magtig, Neelsie,” se die ou, “jy sal regkom nou. Dit lyk vir my die ding is van loutere agtienkaraatgoud. En hy moet omtrent honderd ton weeg.” Die ou sit sy skouer teë en hy lê weg maar die sfeer roer nie. “Roep jou olifant, Kerneels. Laat ons sien of hy die ding kan omrol.”

“Nee, oom Stoffel, alla goeie!” sê Vroutjie. “Straks ontplof die ding. Wie weet is dit nog ’n verdwaalde oorlogstuig van die Duitsers. Sal ons hom nie maar so laat staan tot môre toe nie?”

“Nee a, Mamma,” val Engela in. “Sê nou hy vlieg weer in die nag weg, waar kry Pappa die geld om oom Stoffel te betaal?”

“En aan te hou met klere koop,” sê ek.

“Ja, en dis nodig, Pappa,” sê Engela.

“Wag,” sê oom Stoffel. “So danig maklik kan die ding nie ontplof nie — dan kon by nie so lank gehou het nie.” En die ou klop met sy kneukels. “Die dop moet vervlaks dik wees,” se die ou. “Maar hy klink darem vir my half nes hy hol is.”

En toe kom daar van binne af, byna onhoorbaar dof, asof uit die verte, ’n herhaling van die klop: dieselfde getal slae. “Een — twee — drie — vier — vyf —”

“Sou dit toeval wees,” vra ou Stoffel, “of is dit ’n mens? Wag, ons sal dit gou bepaal.”

Toe klop hy met ’n plan. “Een — twee... een — twee — drie... een.”

Oor ’n rukkie kom die antwoord, weer net so dof: “Een — twee... een — twee — drie... een.”

“Kerneels, die ding sal nie ontplof nie. Daar's ’n mens in.”

“Ja, wragtig, Oom; dis ’n mens.”

“Pappa, Pappa!” skree Engela, “kyk daar wil ’n luikgat oopgaan.”

“Ja, regtig,” sê ek. “Hoe op aarde het hulle die deksel gekry om so vas te pas dat jy geen lyntjie van ’n naatjie kon sien by die voeg nie?”

Ou Stoffel hou die lig op die plek. Vlak voor ons draai ’n deksel, so groot soos ’n wa se voorwiel, stadig in die rondte na binne toe.